
GN 49'5-7 : JAKOB PROFETEER OOR SY SEUNS - SIMEON

E208

Ons het so amper 3 jaar gelede na Jakob se profesie oor sy oudste seun, Ruben, gekyk. Kom ons kyk nou na sy profesie oor Simeon. Hy en Levi word saam deur hulle pa hanteer. Maar ons kan later na Levi kyk.

As Jakob terugkyk oor Simeon se lewe, is daar een ding wat uitstaan: sy geweldpleging en onbeteuelde drif (5, 7). Koelbloedig het hy mense vermoor en roekeloos diere mishandel (6). Daarom distansieer Jakob hom van sy tweede oudste seun (6a). En daarom kry Simeon niks van die eersgeboortereg wat by Ruben weggeneem is nie.

Soos in Ruben se geval, word min aandag gegee aan Simeon se toekoms - maar die kort profesie is onheilspellend. *Hierdie seun se nageslag gaan binne die volk Israel uitmekaar gejaag en tussen die stamme verdeel word* (7b). En inderdaad sou dit oor die volgende eeue merkwaardig bewaarheid word.

Kom ons kyk nou eers na Simeon se sondige verlede - dis in Gn 34 - en dan na sy toekoms.

Simeon se verlede

Na baie jare is Jakob vanaf Haran in Paddan-Aram, ver in die noorde, op pad terug na Bet-El in Kanaän. Daar het hy destyds 'n ontmoeting met God gehad. Nou is dit waar hy moet gaan woon. Dis waar die Here reeds vir hom beveel het om uiteindelik te gaan vestig (Gn 28:13, 15, 18-22; 31:13).

Onderweg steek hy egter tussen 'n klomp heidene vas - by Sigem, waar hy vir hom 'n stuk grond koop (Gn 33:17-20). Dis nog 'n hele ent noord van Bet-El. Dis asof sy hart nie regtig op Bet-El

ingestel is nie (Gn 33:17-20). Maar hierdie huiwering sou hom baie smarte op die hals haal.

- Dina, die dogter van Lea, gaan kuier een dag by die jongmense van Sigem. Daar word sy dan verkrag deur 'n jongman, óók genaamd Sigem, seun van Gamor - 'n plaaslike leier by wie Jakob die grond gekoop het. Sigem raak smoorverlief op Dina en pleit by sy pa om met Jakob te onderhandel om haar as vrou te kry. So gesê, so gedaan. Gamor en sy seun tree nou baie ordentlik en volgens die gebruike van destyds op.

Net toe kom Jakob se seuns uit die veld uit en hoor wat gebeur het. Hulle is woedend en sweer wraak oor die gruweldaad teen hulle suster.

Hulle dring daarop aan dat al die Sigemitiese mans besny word - en misbruik so dié heilige instelling vir eie en gemene gewin. Die insiklike Sigemiete stem in, maar op die derde dag as die klomp op hulle siekste is, maai Simeon en Levi hulle voor die voet met die swaard af (34:25-26). Die klomp broers gaan plunder dan die stad en voer al die vrouens weg.

Sekerlik sou Simeon en Levi hulle optrede probeer goedpraat het - naamlik dat dit gegaan het oor reg en geregtigheid. Maar die straf wat hulle uitgemeet het, was ver buite verhouding met die oortreding. En uiteindelik moet mens met Jakob saamstem: Simeon en sy broer is gewoon onbeteuelde geweldenaars.

Jakob is ontsteld oor sy seuns se gruweldaad. En hy besef dat die inwoners van die land hulle spoedig op hom en sy huishouding sal wreek. Gevolglik trek hulle dadelik weg na Bet-El.

Simeon se toekoms

Jakob se profesie in v.7b word op 'n merkwaardige en tragiese wyse wáár in die hieropvolgende geskiedenis van die stam Simeon. Inderdaad sou hulle uitmekaar gejaag en tussen die stamme verdeel word.

- *Eerstens het hulle getalle ernstig gekwyn.*

Kort nadat die Israëliete uit Egipte vertrek het, moes Moses die weerbare manne van elke stam tel (Num 1). Die Simeoniete is een van die talrykste stamme. Hulle lê derde met 59 300 man.

Bykans vier dekades later moet die manne weer getel word. Meeste stamme se getalle het effens toegeneem. Enkeles het minder geword. Maar geen stam het naastenby so agteruit gegaan soos Simeon nie. Nou is hulle 'n skamele 22 200 - nie veel meer as 'n derde van wat hulle aan die begin van die uittoeg uit Egipte was nie (Num 26:14).

Kennelik was iets drasties verkeerd. Die Here se seën het duidelik nie op hulle gerus nie.

En die tendens het voortgeduur, want baie jare later maak 1Kron 4:27 hierdie opmerking: as 'n reël het die Simeoniete nie baie kinders gehad nie.

- *Tweedens is hulle binne Israel gering geskat.*

As Moses voor sy dood van die volk afskeid neem, praat hy profeties oor die stamme afsonderlik. Maar Simeon word nie eers genoem nie.

- *Derdens kry Simeon nie 'n eie grondgebied nie.*

Al wat Simeon kry, is sewentien stede binne-in die gebied van Juda (Jos 19:1-9; 1Kron 4:28-33). Reeds word hulle as 't ware gesien as 'n stam wat nie op eie voete kan staan nie, en deur die grootste stam versorg en beskerm moet word.

Mens kan aanvaar dat heelwat ondertrouery plaasgevind het, wat uiteraard sou bygedra het tot Simeon se agteruitgang. Daarbenewens is hulle seker toenemend deur die mense van Juda verdring. Trouens, ons lees dat dele van hierdie stam by ten minste twee geleenthede nuwe lewensruimte gaan soek het.

Die eerste uitwyking het plaasgevind in die tyd van koning Hiskia. Toe het van hulle gaan woon in die omgewing van Gedor (1Kron 4:39-41).

In die tweede uitwyking het 'n stuk of vyfhonderd man (met sekerlik hulle gesinne) permanent gaan woon by die Seïrberg (1Kron 4:42-43).

So is Simeon net nog verder onder die stamme van Israel verstrooi - presies soos Jakob geprofeteer het.

Wat sê dit alles vir ons?

1. Jakob verwyf Simeon en Levi oor hulle gewelddadigheid. En dit op sigself is sekerlik onverskoonbaar. Maar die vraag is, wat het agter dit gesit? Wat het die twee broers tot sulke uiterste optrede gedryf? Hieroor kan mens uiteraard net spekuleer. Maar as mens dink aan die klomp broers se aandrang op die heidene se besnydenis (die ander tien broers was waarkynlik nie voornemens om die Sigemiete te vermoor nie), lyk dit asof hulle gedryf is deur 'n ywer vir die suiwerheid van hulle familie. Vir onbesnedenes het hulle nie kans gesien nie. Wat ons dus hier het, is 'n vermenging van suiwer godsdienstige motiewe, enersyds, en hooghartige volkstrots, andersyds. En so 'n vermenging is 'n gruwel vir die Here. Dis selfsugtige wêreldgelykvormigheid.

Kom ons neem dit aan en werk dan verder.

2. Min dinge het deur die eeue meer ellende in die kerk veroorsaak as wanneer godsdien en patriotisme bedmaats geword het. Of, om die beeld te verander, male sonder tal is die evangelie voor die wa van volkseksklusiwisme ingespan.

Presies dit is wat Keiser Konstantyn gedoen het toe hy die Christelike godsdien tot staatsgodsdien verklaar het. Met die swaard het hy nasie na nasie verower en sogenaamd gekersten. 'n uisend jaar van duisternis in die kerk het hierop gevolg.

Dink maar aan die onbeskryflike skade wat die kruistogte van die 11de tot die 13de eeue gedoen het. Met die sanksie van die Pous het militêre magte vanuit die weste met afgryslieke geweld gepoog om Palestina van Moslem dominansie te herwin.

Die vermenging van kerk en staat, van evangelie en politieke ideologie, is nie iets wat in ons eie land onbekend is nie. 'n Geslag gelede was Afrikanerskap en Christenskap vir baie Afrikaners amper een en dieselfde ding. Vandag is ons pynlik bewus van die bittere vrug wat dit voortbring het.

Nee, 'n duisend maal nee! Die koninkryk van Christus is nie 'n koninkryk van hierdie wêreld nie. En sy waardes en metodes verskil soos dag en nag

van dié van hierdie wêreld. As die wêreld met die swaard van staal veg, veg die Here Jesus Christus en Sy dissipels met die swaard van die Gees. Geweld en dwang is nooit, maar nooit 'n opsie nie! Totdat die Here met Sy Gees mense se harte verander om vanuit eie oortuiging op te tree, sal ons nie 'n vinger lig om ons sin te kry nie.

Sekerlik is dit nie sonder meer verkeerd vir 'n Christen om in die politiek betrokke te raak en sy of haar lig dáár te laat skyn nie. Dink maar aan William Wilberforce, 'n toegewyde Christen, wat jare lank in die Britse parlement teen slawerny geveg het, en uiteindelik 200 jaar gelede daarin geslaag het om die handel in slawe as onwettig verklaar te kry. Maar weet dit, dat hy hierdie stryd biddend gevoer het. En hy sou die eerste man gewees het om te sê dat sy triomf, goed en reg soos dit was, alles behalwe die koms van die koninkryk van die hemele was.

As 'n reël word ons egter nie op die pad van Wilberforce gelei nie. Trouens, vir 'n Christen om die politiek te betree, is uiters dwaas - tensy die Here jou baie duidelik so lei. Só totaal is Christus se beslaglegging op Sy dissipels se lewens, en so radikaal verskil Sy waardes en werkswyses van dié van hierdie wêreld, dat ware Christene lewenslank akuut bewus is daarvan dat hulle vreemdelinge en bywoners in hierdie wêreld is.

3. In Num 25 lees ons 'n betekenisvolle stukkie geskiedenis. By Sittim het die Israelitiese mans met Moabitiese vrouens gehoereer. Dit laat die Here se toorn teen die laer losbreek. Terwyl Moses en die hele gemeente van Israel by die tent van ontmoeting in verootmoediging staan en huil, bring 'n sekere Simri egter weer 'n Moabitiese meisie oop en bloot voor almal in die laer in. 'n Verontwaardige Pinehas gaan stel hulle dan tereg terwyl hulle besig is met geslagsgemeenskap.

En uit watter stam was hierdie Simri wat hom so aan die heidense vrouens vergryp het? Die man wat in sy wellus hom min aan volksuiwerheid gesteur het, was 'n Simeoniet! (Num 25:14).

4. Baie, baie jare na Jakob se profesie, het daar

nog 'n man met die naam Simeon in Jerusalem gewoon. Aan watter stam hy behoort het, kan ons nie met sekerheid sê nie, maar hoogs waarskynlik was hy 'n Simeoniet (Lk 2:25-35). Hy was getrou aan die wet en vroom, en het uitgesien na die koms van die Messias. In die Here se genade kan hy dan uiteindelik die Christuskind in sy arms vashou. En hy profeteer oor Hom. En wat sê hy onder meer: *hierdie Kind sou 'n lig tot verligting van die nasies word!*

By hiërdie Simeon was daar geen sprake van volkshoogmoed en -eksklusiwisme nie. Nee, hy het ver en wyd gekyk. En hy het gewet dat hierdie Kind gebore is om die Koning van alle nasies, stamme, volke en tale te wees! En daarin het hy hom met 'n onbeskryflike blydschap verheug.

Sien jy? 'n Mens se afkoms kan jou sekerlik kniehalter. Maar nooit kan dit jou gevange hou nie. Die Here roep soms Sy profete uit die mees onverwagse kringe! Laat ons wyd kyk - wêreldwyd!

5. In Eseg 48 kyk die profeet in die verre toekoms in. Simbolies beskryf hy die verdeling van die land onder die stamme van Israel op die nuwe aarde. En nou kry Simeon sy eie selfstandige grondgebied - net soveel soos die ander stamme (48:24).

Die boodskap is duidelik, is dit nie! In God se ewige koninkryk is daar ook plek vir geweldenaars en volksaanbidders wat hulle bekeer. Waarlik, in God se ewige ryk is daar baie plek vir diegene wat 'n groot gemors van hulle lewens gemaak het, en kans sien om dit te bely en hulle velossingsvertroue volkome in Jesus Christus te stel.

Laat ons nooit vergeet nie, Simeon beteken: *die Here hoor!*

Nico van der Walt

* Nico v/d Walt onderskryf die historiese, internasionale en reformatoriese 1689 Baptistebelydenis, asook die Belydenis van Sola 5, 'n assosiasie van Godgesentreerde evangeliese gelowiges in Suider-Afrika.

* Subskripsies, adresveranderings, kansellasies en korrespondensie: Posbus 2120, Mosselbaai, 6500; E: nico.vanderwalt@reformed.org.za Tel. 044 6966526; 082 8489396.

* Blogs: www.e-preke.blogspot.com (met skakels na nóg 4 blogs)

* Weekliks word 'n preek soos hierdie wêreldwyd per e-pos gestuur aan mense wat dit persoonlik aangevra het.

* Geen kopiereg. Dupliseer gerus. Of stuur elektronies verder.

* Preekopnames: E: info@nunide.org.za; T: 012-808 3906